# Hoofstuk van die dag: Psalm 2

*Dit gaan goed met almal wat by Hom skuiling soek. (vers 12)*

Psalm 2 sluit ten nouste by Psalm 1 aan. In Psalm 1 word die

regverdige, wat sy vreugde in die wet van die Here vind, gekontrasteer met die goddelose, wat van God en sy gebod niks wil weet nie. In Psalm 2 word hierdie teenstelling toegepas op 'n wyer terrein. Die goddelose (die opstandige konings) se pad loop dood (vers 12a, vgl Ps 1:6) maar dit gaan goed met diegene wat aan God onderdanig is (vers12b, vgl Ps 1:1 en 6).
Hierdie gedig spruit voort uit 'n persoonlike ondervinding van koning Dawid (2 Sam 5:17). Hy waarsku die konings van die aarde om lig te loop, want hy is die gesalfde (in Grieks Christus), en God as sy Vader sal hom beskerm.
Uiteindelik vind die psalm sy diepste betekenis in Jesus Christus, die Seun van God (vgl Hand 4:25-28). Hy is dit nie deur aanneming nie, maar deur die werk van die Heilige Gees. As jy jou aan sy gesag onderwerp, sal jy vind dat sy juk sag is (Matt 11:30). 'n Mens kan dus by Psalm 1 se definisie van ware geluk nog 'n element byvoeg: Ware geluk is om by God skuiling te soek (vers 12).

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026